www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



For Examiner's Use

5 Kyk na grappie A.

Waarom het die seuntjie se pa die horlosie 'n uur vorentoe gedraai?

(i) ..........................................................................................................................

(ii) .......................................................................................................................... [2]

6 Kyk na grappie B.

Hoe weet ons dat die seuntjie nie weet hoe om homself besig te hou nie?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................[1]

7 Kyk na grappie C.

Wat is in die seuntjie se sakke?

..........................................................................................................................[1]

8 Lees grappie D.

Is Koos gelukkig getroud? Onderstreep slegs die korrekte antwoord.

Ja / Nee [1]

[Totaal : 5]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



For Examiner's Use

**Afdeling 2**

**Oefening 1: vrae 14–16**

Lees die onderstaande uittreksel oor aartappels en beantwoord vrae 14–16.

## Aartappels

Aartappels kom oorspronklik van Peru in Suid-Amerika waar dit sommer wild groei. Agt-en-negentig soorte is reeds daar geïdentifiseer maar daar is nog nie met sekerheid bepaal of dit al die soorte is wat daar voorkom nie. Daar is duidelike bewyse dat die Inkas nie sou kon oorleef daarsonder nie. Die nasie het vir oorlewing getrek na die reuse Titicaca wat in die berge van Peru geleë is. Daar het hulle geen sukses gehad met die verbouing van hul stapelvoedsel, mielies en maniok nie, as gevolg van die hoogte bo seespieël – 12 500 tot 15 00 voet bo seevlak, om nie eers te praat van die uiterste temperature nie. Aartappels is gehard en rypbestand en het uitstekend geaard.

***(Uit: Die Republikein, 7 Februarie 2002)***

**14** Uit watter land kom aartappels oorspronklik?

..................................................................................................................................[1]

**15** Wat was die stapelvoedsel van die Inkas voordat hulle aartappels begin plant het?

..................................................................................................................................[2]

**16** Waarom kon die Inkas nie voortgaan om hul stapelvoedsel te plant nie?

..................................................................................................................................[2]

[Totaal : 5]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 3: vraag 18**

Die onderstaande is 'n onderhoud wat jy met die bekende Vuyo Mbuli gevoer het. Lees die noukeurig deur en vul dan die vorm vir Vuyu Mbuli in.

# DIE PASSIES VAN VUYO MBULI

**Hy's die man wat Suid-Afrikaners soggens aan die gang kry met sy veeltalige aanslag op SABC2 se ontbytprogram, "Morning Live". Op die vraag waar Vuyo Mbuli (33) die tyd kry om ook nog elke dag die nuus op SAFM te lees én Sondagaande "News Hour" (SABC3) aan te bied, gee hy net sy kenmerkende laggie. Hy't in mense se harte gekruip met sy persoonlike aanslag.**

**SOKKER**
Sport het my 'n groot les geleer: dis maklik om op die kantlyn te sit en skree dat die doelskieter eerder die bal met die binnekant van sy voet moes laat insny het. Dis moeiliker as jy self die doelskieter is.

**KOS**
Gee my enige dag *umngusho*, 'n Xhosa-gereg van stampmielies en bone, en beesstert of tong. Mmm … heerlik. Ek kook nie kos nie. As ek wel kos maak, is dit gebakte eiers en roosterbrood.

**REIS**
Veral in Suid-Afrika, en meer spesifiek daar by Chapman's Peak om op pad Houtbaai toe. Suid-Afrika is ongelooflik mooi. Soos jy sal agterkom, is my passie eintlik Suid-Afrika.

**LEES**
Ek lees alles waarop ek my hande kan lê. My vrou dink dat ek heeltemal bedot is om so baie te lees, maar boeke moet 'n mens inspireer. Op die oomblik lees ek Nelson Mandela se 'Long Walk to Freedom' vir die tweede keer en elke keer ontdek ek iets nuuts daarin.

***(Uit: Sarie, 27 Junie 2001)***



www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

*For Examiner's Use*

## Persoonlike Gegewens
**(Gebruik blokletters en waar van toepassing, merk met 'n "✘ ").**

Naam en Van: ..........................................................

Ouderdom: ..........................................................

Geslag: ..........................................................

Beroep: ..........................................................

Huwelikstatus: Getroud ☐ Ongetroud ☐ Geskei ☐ Weduwee/Wewenaar ☐

Voorkeure (Skryf slegs een woord neer by elk van die volgende hoofde):

Kos: ..........................................................

Boek: ..........................................................

Merk telkens net 'n "✘" in die toepaslike blokkie:

| | | **WAAR** | **ONWAAR** |
|---|---|---|---|
| 1 | 'n Goeie kok | | |
| 2 | 'n Vegetariër | | |
| 3 | Humoristies | | |
| 4 | Hou nie van reis nie | | |
| 5 | Kritiseer nie ander mense nie | | |

[6]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



For Examiner's Use

## Afdeling 3

**Oefening 1: vraag 19**

Jou vriendin, wat baie besig is, skryf die volgende briefie in skooltyd aan jou.

*10 September 2003*

*Sam, GROOT asseblief, HELP!*

*Jong, ek het nie tyd nie en is regtig in die nood. Daarom vra ek, wees tog so gaaf en skryf 'n kennisgewing wat ons voor eenuur op die kennisgewingbord kan sit.*

*Die absoluut fantastiese orkes, Savannah, tree vanaand om 20:00 in ons skoolsaal op en almal is baie welkom.*

*Die kaartjies kos R5 vir studente en R10 vir volwassenes. Die studenteraad sal die kiosk beman, so niemand moet by die huis eet nie!*

*Na die tyd sal CD's en kassette te koop wees met die ouens se handtekeninge daarop. Lekker, né? Hulle sal ook agterbly om met ons te gesels.*

*Duisende dankies – ek skuld jou!*
*Nicky*

Skryf nou hierdie **kennisgewing** om die konsert te adverteer in nie meer as 70 woorde nie. Let op na die vorm van die kennisgewing!

..................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

[9]

